# HOOFSTUK 3

# DIE VERSKILLENDE MILITÊRE EENHEDE IN DIE VAALDRIEHOEK

## 3.1 INLEIDING

Die Vaaldriehoek se militêre eenhede het 'n belangrike rol in die verdediging van die land gespeel. Dié eenhede het diens op die grens met Angola gedoen en is ook later in onlussituasies in verskillende swart dorpe aangewend. Sekere van die Vaaldriehoekse militêre eenhede was gebiedsgebonde en het die streek beskerm. Die weermag het doelbewus interaksie met die Vaaldriehoekse gemeenskap bewerkstellig. Aangesien die polisie ook diens van 'n militêre aard verrig het, word die polisie vir die doel van hierdie studie as 'n militêre mag beskou.

Daar is gemeen dat die weermag destyds die sleutel tot oorlewing van die regering was. Die volgende standpunt is byvoorbeeld gehuldig;

> In general the South African state is able at this stage to boast what appears to be a well oiled war machine that represents a fairly formidable picture of what the national liberation machine is up against. The SADF is crucial to the survival of the apartheid state.[1]

## 3.2 DIE ORGANISASIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG OP STREEKSVLAK

Die militêre eenhede in die Vaaldriehoek was hoofsaaklik deel van die leër. Die verskillende kommando's en regimente het egter onder verskillende dele van die

---

[1] Anon, "Cover story: Salscom – trying to seduce SA Defence Force from abroad", *To the Point*, 7(11), 17 Maart 1978, p. 14.

## BEVEL- EN BEHEERSTRUKTUUR VAN DIE SUID-AFRIKAANSE LEëR





Diagram 1: Bevel- en beheerstruktuur van die Suid-Afrikaanse leer.
Bron: DDD, 73Bde, groep 1, houer 43, leer G/SD/1/C-2 vol. 1, Command and control structure policy, A, 15.07.1976.

leër geval. Die leër het primêr operasies (teinops en komops) kragtens operasionele strategie gevoer.[2]

Die kommandemente is so georganiseer dat hulle vir lang tye operasies kon voer met die minste moontlike ontwrigting vir die samelewing. Groephoofkwartiere het op 'n vlak laer as kommandementsvlak gefunksioneer.[3] Die konvensionele mag het uit twee divisies bestaan, waarvan die organisasie feitlik identies was. Elke divisie het oor een pantser- en twee halfgemeganiseerde brigades beskik. Hierdie divisies was deel van die burgermag en was van die gebiedsmag afhanklik.[4] Die gebiedskommandemente is naastenby op divisievlak georganiseer en 'n brigadier het aan die hoof daarvan gestaan. Benewens hulle gevegstake het die kommandemente se ander take ook logistieke, administratiewe en diensondersteuning aan ander eenhede of formasies behels wat in die gebied van 'n bepaalde kommandement geopereer het. Die gebiedsmag het bestaan uit 'n kombinasie van kommando- en burgermageenhede.[5]

Die burgermageenhede wat aan die gebiedskommandemente toegewys is, was gewoonlik ligte infanteriebataljons wat meestal optimaal vir teeninsurgensie opgelei en toegerus was.[6] Vanweë die aard van die teen-rewolusionêre oorlogvoering, moes die uitvoering van strategieë en funksies ten nouste gekoördineer word en geïntegreer word vir streeksuitvoering om die wydste

---

[2] Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 2, Houer 420, 305/2/1/B, Operasionele gereedheid en doeltreffendheid in die SAW, Beleidsvoorskrif: SA-Leërinspektoraat, 02.04.1979; Vgl. ook diagram 1 hiernaas.

[3] Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding* (Pretoria, 1 Militêre drukeenheid, 1986), p. 1/3-33.

[4] H. R. Heitmann, *Die Suid-Afrikaanse krygsmag* (Johannesburg, Bison, 1985), p. 43.

[5] H. R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse krygsmag*, p. 42.

[6] Ibid.

# VAALDRIEHOEKSE LEËREENHEDE 1974 – 1994

**FORMASIEHOOFKWARTIERE**




73 Brigade




Groep 17

**REGIMENTE**



Sasolburg



Vanderbijlpark



Vaalrivier




Overvaal

**KOMMANDO'S**



Parys



Sasol



Iscor



Vaal



Vereeniging



Meyerton

Diagram 2: Fitse van Vaaldriehoekse leëreenhede
Bron: C. R. Owen, *The military badges and insignia of Southern Africa* (Somerset West, Chimperie, 1990).

moontlike teenoptrede met betrekking tot die vyand (militante front- organisasies en radikale groepe) te verkry.[7]

Die kommando's was aan die ander kant hoofsaaklik gebiedsgebonde ligte infanterie-eenhede wat maklik vir binnelandse beveiliging gemobiliseer kon word. Die kommando's het hulle personeel uit hulle betrokke gebied verkry en was vir die verdediging van sodanige gebied verantwoordelik. Hulle het ook onderling verskil wat betref organisasie, toerusting en sterkte. Hulle is gewoonlik in groepe van vyf of meer in kommandogroepe onder 'n klein hoofkwartier op brigadevlak ingedeel. Benewens die normale kommando's was daar kommando's met 'n spesifieke beskermingstaak. Hulle lede was afkomstig uit die personeel van strategiese nywerhede en was verantwoordelik vir die beskerming van spesifieke installasies.[8]

Al die Vaaldriehoekse kommando's, behalwe Parys Kommando, wat onder die bevel van die Kommandement Oranje-Vrystaat was, en die teen-insurgensieregimente, het in die een of ander stadium onder die bevel van die Kommandement Witwatersrand gefunksioneer.[9] Die grense van hierdie Kommandement was soos volg: Krugersdorp het die westelike grens en Delmas die oostelike grens gevorm; die Jukskeirivier was die noordelike grens en die Vaalrivier die suidelike grens. Vereeniging het die suidelike streek gevorm.[10] Die lugafweerregimente het anders gefunksioneer. Die Regiment Vaalrivier was deel van 7 Infanteriedivisie en die Regiment Overvaal deel van 8 Pantserdivisie.[11] Aangesien die kommando's en die burgermag destyds afsonderlik gefunksioneer het, word hulle afsonderlik in oënskou geneem. Die

---

[7] Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding*, p. 1/3-5; Sien ook hoofstuk 4, militêre operasies in die Vaaldriehoek sedert 1984.

[8] H. R. Heitman, *Die Suid-Afrikaanse krygsmag*, p. 43.

[9] Anon, "Groep 17 spog met skitterjaar van prestasies", in *Vaal Ster*, 02-06.11.1992.

[10] Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 221. 06122000, Kritzinger, W.H., (58) Pretoria.

[11] MAV, p. 195. 21112000, Viljoen, P., (72) Sasolburg; MAV, p. 152. 26062000. Joubert. A., (36) Vanderbijlpark.



Illus. 17: Die eerste kommando lotelinge uit Meyerton in 1961 op Tempe. Die uitbou van die kommandostelsel was van groot betekenis vir binnelandse verdediging.
Bron: *Meyerton Kommandofotoversameling*



Illus. 18: Opleiding op Youngsfield in 1965. Heelwat Vaaldriehoekers het opleiding in die lugafweerartillerie ondergaan, ten einde die twee lugafweerregimente op Vereeniging te voed.
Bron: *C. Veldman fotoversameling*

militêre aksies van die Vaaldriehoekse eenhede word in hoofstuk vier behandel. By die behandeling van elke eenheid word daar ook na skakeling met die gemeenskap verwys.[12]

### 3.3 DIE VERSKILLENDE KOMMANDO'S IN DIE VAALDRIEHOEK

Die hooftaak van die onderskeie kommando's was om die plaaslike bevolking te beveilig. 'n Kommando het uit soldate bestaan wat reeds hulle aanvanklike opleiding ondergaan het. Daarna het hulle by hulle plaaslike kommando 'n aantal kampe gedoen. Die kommandolede het gereeld aan parades en skietoefeninge deelgeneem. Hulle is opgelei in binnelandse beveiliging, skarebeheer en kon ook aangewend word om voortvlugtiges te agtervolg en om die polisie met padblokkades by te staan. Hulle het in tye van nood ondersteuning aan die burgerlike beskerming verleen soos met die vloede van 1975.[13]

Samewerking tussen die plaaslike kommando en die burgerlike beskerming is as van die grootste belang beskou. Veral in die plattelandse gemeenskappe is gemeenskaplike belange deur beide die kommando en die burgerlike beskerming gedien.[14] Kommando's is as 'n gewaardeerde en onmisbare komponent van die weermag beskou.[15] Later is daar ook gemeen dat die kommando's die hervormingsproses beskerm het.[16]

---

[12] Vgl. DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Geskiedenis van Sasol Kommando: p. 11.

[13] Anon, "Commandos' main task is safeguarding the people", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 11.07.1975; Vgl. ook Anon, "Hoe militêr weerbaar is Suid-Afrika?", in *Transvaler*, 17.02.1977; S. J. Terblanche (Dir. Komdo's), "Die kommando en die gemeenskap", *Paratus*, 24(10), Oktober 1975, p. 3.

[14] Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding*, p. 1/5-59; Sien ook hoofstuk 9, inleiding.

[15] Vgl. L. Maré, "Genl Malan op Potchefstroom: Kommandostelsel is beste beskerming", *Paratus*, 42(8), Augustus 1991, p. 48.

[16] D.C. Cronje, "Kommandostelsel 'n anker in stryd vir vrye samelewing", *Paratus*, 37(11), November 1986, p. 27.

Kommando's is so georganiseer dat hulle take in 'n betrokke gebied op die mees effektiefste manier moontlik uitgevoer kon word. 'n Kommando was veronderstel om uit gebiedsbeskermingselemente en reaksie-elemente te bestaan.[17] Binne elke kommando was daar ook huis-en-haard-beskermers wat daarvoor verantwoordelik was om slegs hulle eie onmiddellike omgewing te beskerm. Indien dit so deur die hoof van die leër goedgekeur is, kon sekere ondersteuningselemente ook operasioneel deur 'n betrokke kommandohoofkwartier aangewend word. Die volgende ondersteuningslemente kon aan 'n kommando verskaf word:[18]

a. 60 mm-patrolliemortiere
b. Spoorsnyers
c. Honde en hondehanteerders
d. Berede elemente
e. Motorfietselemente
f. 81mm-mortiere
g. Spesialisvoertuie
h. Wapen- en voertuigmonteurs

Teen 1982 is 'n aantal probleempunte rondom die kommandowese geïdentifiseer. Benewens taktiese en operasionele probleme het kommandolede ook gevoel dat hulle nie die nodige erkenning kry nie. Afgesien hiervan het die kommando's ook met ernstige mannekrag- probleme te kampe gehad. As gevolg van die voorgenoemde probleme het hulle gesins- en werksmilieu daaronder gely.[19] Daar is ook gevoel dat indien die gedagte van 'n Volksleër wel van

---

[17] DDD, Pretoria, 41 HK(Gp 1), H 21, 301/1/B: Strategiese waarderings (23/10/81 – 23/10/81), Implementeringsinstruksies: Kommandobeleid, 31.08.1981, p. 1.

[18] DDD, Pretoria, 41 HK(GP 1), H 21, 301/1/B: Strategiese waarderings (23/10/80 – 23/1-/81), Implementeringsinstruksies: Kommandobeleid, 31.08.1981, p. 5.

[19] DDD, Pretoria, 41 HK(Gp 1), H 12, 102/15: Oproep van opgeleide kommandolede(23/2/80 – 13/01/82), Memorandum betreffende mannekragprobleme soos ondervind deur TEIN-magte met spesiale verwysing na kommando-eenhede.

toepassing was, die kommando's oor hulle rol verward was, aangesien hulle as die volksoldate nie die 'nut van alles' kon insien nie.[20]

Alhoewel die meeste kommando's in die Vaaldriehoek gebiedsgebonde was, het dele van die kommando's op verskillende tye ook grensdiens verrig. Die doel hiermee was om die probleem met die mannekragtekort aan die grens op te los en ook om kommandolede aan oorlogservaring bloot te stel.[21] Die feit dat kommandolede infanterieopleiding ontvang het, het hulle ook vir grensdiens geskik gemaak. Grensdiens is as 'n landsdiens en ereplig gesien.[22] Daar is toestemming verleen dat kommando's en burgermageenhede vanaf Januarie 1984 ere-kolonels kon aanstel. Prominente persone uit die gemeenskap is vir dié aanstellings genader. Sulke persone moes belang by die welstand van 'n eenheid gehad het.[23] Lede van Vaaldriehoekse kommando's het uit die plaaslike gemeenskap gekom. Daarom was 'n hoë mate van skakeling tussen die kommando's en die verskillende dorpe nodig. Kommando's was betrokke by sosiale aksies, maar ook by die beskerming van die plaaslike gemeenskap.

Elke kommando in die Vaaldriehoek word vervolgens kortliks behandel.

### 3.3.1 VEREENIGING KOMMANDO

Die Vereeniging Kommando is in 1921 deur die departement van verdediging as 'n skietkommando gestig en die eerste bevelvoerder was lt.kol. Karel Rood.[24] Die

---

[20] DDD, Pretoria, 41 HK(Gp 1), H 12, 102/15: Oproep van opgeleide kommandolede(23/2/80 – 13/01/82), Memorandum betreffende mannekragprobleme soos ondervind deur TEIN-magte met spesiale verwysing na kommando-eenhede.

[21] MAV, p. 23. 28071999, Viljoen, C., (67) Pretoria.

[22] Vgl. Anon, "Bethal-kommando is ook bereid om meer as net sy plig te doen", *Paratus*, 31(4), April 1980, p. 16.

[23] Anon, "Honorary colonels – Army gives go ahead", in *Uniform*, 30.01.1984, p. 2.

[24] Anon, "Vereeniging commando", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 27.10.1967; Anon, "Nuwe bevelvoerder vir Vereeniging Kommando", in *Vaalweekblad*, 09.12.1977.




Tekening 1: Spotprent na aanleiding van oorstromings in Vereeniging in Februarie 1975.
Bron: Anon, "Len lindique teken vir Paratus", *Paratus*, 26(4), April 1975, p. 40.

Vereeniging Skietkommando het in 1957 kommandomagstatus verkry en in 1961 is die eerste burgermaglede na die eenheid afgedeel.[25]

Die Vereeniging Kommando het probeer om deur verskillende aksies by die gemeenskap betrokke te raak. Die eenheid het met die vloed van 1975 hulp verleen.[26] Verder het hulle in Julie 1975 deur die strate van Vereeniging gemarsjeer om 'n groter bewustheid van hulle teenwoordigheid by die publiek te kweek.[27] By hierdie geleentheid was dit die eerste keer dat die Vereeniging Kommando deur die strate van Vereeniging gemarsjeer het.[28] Die orkes van 95 Ammunisiedepot het die marsmusiek verskaf.[29]

Die reg van vrye toegang tot Vereeniging is op 14 Februarie 1976 aan die eenheid toegeken.[30] Tydens dié geleentheid het 500 lede van die eenheid deur die strate van Vereeniging gemarsjeer.[31] Verder het die eenheid op omgewingsdag in September 1980 'n wapenuitstalling by Vosloopark gehou.[32] Daar is jaarliks ook 'n militêre bal gehou. Tydens die geleentheid was daar 'n uitstalling van onder meer wapens, sodat die publiek van nader met die daaglikse bedrywighede van 'n soldaat kon kennis maak.[33] Die Vereeniging

---

[25] Anon, "Vereeniging Commando: They serve their country and community with pride", *Paratus*, 34(8), Augustus 1983, p. 57.

[26] F. Hand, "Vereeniging onthou SAW dankbaar", in *Paratus*, 26(5), Mei 1975, p. 11.

[27] Anon, "Marsjeer deur Vereeniging", in *Vaalweekblad*, 11.07.1975; MAV, p. 70. 05022000, Van Stratten, M. L., (50) Helenasrus.

[28] Anon, "Commando to march", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 04.07.1975.

[29] Anon, "Commando's main task is safeguarding the people", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 11.07.1975; Anon, "Swing it soldier", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 18.07.1975.

[30] Anon, "Reg van Vrye toegang vir Kommando", in *Vaalweekblad*, 06.02.1976; Anon, "Kommando kry reg van vrye toegang", in *Vaalweekblad*, 20.02.1976.

[31] Anon, "Commando gets freedom of town", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 20.02.1976.

[32] Anon, "Foto: Lede van Vereeniging Kommando wat Saterdag besoekers ... ingelig het by 'n wapenuitstalling", in *Vaalweekblad*, 26.09.1980.

[33] Anon, "Militêre bal 'n groot sukses", in *Vaalweekblad*, 20.10.1981.



STADSRAAD — TOWN COUNCIL

MEYERTON

| | |
|---|---|
| IN DIE PROVINSIE VAN TRANSVAAL<br>REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA | IN THE PROVINCE OF THE TRANSVAAL<br>REPUBLIC OF SOUTH AFRICA |
| Die Stadsraad van die Munisipaliteit van Meyerton het tydens 'n Buitengewone vergadering gehou op die tiende dag van Maart 1984, eenparig | The Town Council of the Municipality of Meyerton at a special Meeting held on the tenth day of March 1984, unanimously |
| BESLUIT | RESOLVED |
| Dat ter erkenning van die [illegible] | that in recognition of [illegible] |
| **Meyerton Kommando** | **Meyerton Commando** |
| en die getroue en voortreflike dienste gelewer aan die dorp en land deur die Offisiere en Manskappe van die | and the loyal and distinguished services rendered to the Town and the Country by the Officers and men of the |
| **Meyerton Kommando** | **Meyerton Commando** |
| Die Stadsraad hiermee aan die | this Council does hereby confer upon the |
| **Meyerton Kommando** | **Meyerton Commando** |
| DIE EREVRYHEID VAN TOEGANG IN MEYERTON toeken. | THE HONORARY FREEDOM OF ENTRY TO MEYERTON |
| Ten getuie waarvan die Burgemeester en die Stadsklerk, namens die STADSRAAD EN INWONERS VAN MEYERTON hul handtekening hierop aanbring op die tiende dag van Maart 1984. | In witness whereof the Mayor and the Town Clerk, on behalf of the COUNCILLORS AND CITIZENS OF MEYERTON do hereunto affix their signatures on this tenth day of March 1984 |

BURGEMEESTER — [illegible] G.A.J. Grobler — MAYOR

STADSKLERK — [illegible] A.D. Nerval — TOWN CLERK

Sertifikaat 1: Oorkonde by die verlening van die reg van vrye toegang aan die Meyerton Kommando.

Bron: *Meyerton Kommando fotoversameling.*



Illus. 19: Die Vereeniging Kommando tydens die toekenning van die vryheid van die stad Vereeniging op 14 Februarie 1976.

Bron: *M. van Stratten fotoversameling.*

Kommando het in 1981 sy eie regimentslied gekomponeer en gevra dat *Paratus* die lied moet publiseer.[34]

Die eenheid het ook geldinsamelingsprojekte geloods. Daar was in Mei 1982 'n *Casual Country Concoction*.[35] Die kommandohoofkwartier is in September 1982 na die middedorp verskuif sodat die handelsentrum beter beskerm kon word.[36] Op 2 Julie 1983 is daar 'n *Country dag* gehou.[37] Die stadsraad het in September 1988 'n tjek van R2 000 aan die kommando oorhandig.[38] Die kommandoraad is in 1989 gestig en het verskeie projekte aangepak. Buite-organisasies wat met die eenheid geskakel het, was die Vereeniging-munisipaliteit, Rand Waterraad en die Transvaalse Vroue Landbou-unie.[39] Daar is ook beoog om 'n eie taakmag teen 1990 te bedryf.[40] Die eenheid het sy nasionale vaandel op 14 Mei 1991 tydens 'n gekoördineerde vaandelparade by 1 Konstruksieregiment ontvang.[41] Die Vereeniging Kommando het dr. Mario Milani in 1992 as ere-kolonel aangestel, nadat F. W. de Klerk ook vir dié posisie oorweeg is.[42]

### 3.3.2 MEYERTON KOMMANDO

Sedert 1 Januarie 1971 staan dié eenheid as Meyerton Kommando bekend. Voorheen het die eenheid as die De Deur Kommando bekend gestaan.[43] Tydens die afskeidsgeleentheid van kmdt. Dirk Burger in Mei 1975 is daar 'n revue

---

[34] Anon, "Regiment komponeer eie liedjie", *Paratus*, 32(9), September 1981, p. 11.

[35] Anon, "Mallemeule en dans vir kommando", in *Vaalweekblad*, 14.05.1981.

[36] Anon, "Kommando na middedorp", in *Vaalweekblad*, 14.09.1982.

[37] Anon, "Commando's Country day is open to all", in *Vaal Ster*, 24.06.1983.

[38] Anon, "Foto: Stadsraad skenk R2000 aan Vereeniging Kommando", in *Vaal Ster*, 26-30.09.1988.

[39] Anon, "Op die looppas: Vereeniging Kommando", in *Vaalweekblad*, 18.11.1988.

[40] Anon, "Vereeniging Kommando", in *Vaal Ster*, 17-21.09.1990.

[41] Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie, 25.03.1991; Anon, "Bye ontwrig byna spog vaandelparade", in Vaalweekblad, 23.08.1991; Sien ook Kleuparades, Hoofstuk 4.

[42] MAV, p. 84. 24022000, Bell, K., (60) Vereeniging; Vgl. ook MAV, p. 90. 27032000, Milani, M., (62) Vereeniging.

[43] Anon, "Meyerton Commando says farewell to cmdt Burger", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 30 .05.1975; Anon, *Die geskiedenis van Meyerton Kommando*, p. 1.

parade op Meyerton gehou.[44] Die eenheid het ook in November 1976 'n motiveringsparade deur die strate van Meyerton gehou.[45] Die ou skoolgebou van die Laerskool Voorwaarts het sedert 1982 as hoofkwartier gedien.[46]

Verskillende aksies is geloods om die eenheid bekend te stel. Op 10 September 1978 is 'n basaar in die Meyertonse stadsaal gehou sodat fondse ingesamel kon word om die Farao'sfontein skietbaan te verbeter.[47] Aan die begin van Mei 1980 is 'n wapenuitstalling en 'n revue-parade gehou.[48] Op 18 Julie 1981 het die eenheid 'n uitvoering deur Sonja Herold en op 18 November 1981 deur Sias Reyneke in die stadsaal gereël.[49] Aan die einde van 1983 is daar ook 'n gholfdag gereël.[50] Op 24 Februarie 1984 is daar 'n dans by Loch Vaal gehou, en op 5 Mei 1986 is 'n dans ten bate van die Suiderkruisfonds gehou.[51] Die eenheid het die reg van vrye toegang tot Meyerton op 10 April 1984 ontvang.[52] Daar is ook deelgeneem aan die Groot Trek herdenkingsfees wat 'n deurmars deur die dorp op 26 November 1988 ingesluit het.[53]

In 'n poging tot nouer skakeling tussen die bevolking en die kommando, is daar op 20 Februarie 1993 'n skietdag en braaivleis vir Meyertonse sakemanne en

[44] Anon, "Meyerton Commando says farewell to cmdt. Burger", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 30.05.1975.

[45] Anon, "Seen after a motivation parade through Meyerton last Saturday...", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 12.11.1976.

[46] Anon, *Die geskiedenis van Meyerton Kommando* (ongepub. manuskrip, s.j.), p. 2.

[47] Anon, *Die geskiedenis van Meyerton Kommando*, p. 3.

[48] Anon, "Foto: 'n Wapenuitstalling is deur die Meyertonse kommando op die dorp gehou", in *Vaalweekblad*, 06.06.1975.

[49] Anon, *Die geskiedenis van Meyerton Kommando*, p. 23.

[50] Anon, *Die geskiedenis van Meyerton Kommando*, p. 27.

[51] Anon, "Dance for Commando", in *Vaal Ster*, 04.02.1984; Anon, *Die geskiedenis van Meyerton Kommando*, p. 33.

[52] Anon, *Die geskiedenis van Meyerton Kommando*, p. 28.

[53] Anon, *Die geskiedenis van Meyerton Kommando*, p. 36; Vgl. MAV, p. 53. 14012000. Erasmus, A. P., (46) Meyerton; Meyerton Kommando fotoversameling.

boere gehou[54] Gedurende Maart 1994 is 'n groep onderwysers van Meyerton in 'n Ratel 90 na Sharpeville geneem nadat hulle deur kmdt. Melt Esterhuizen van Groep 17 voorgelig is.[55]

### 3.3.3 SASOL KOMMANDO

Die Sasol Kommando het op 14 Februarie 1962 van die Heilbron Kommando afgestig. As gevolg van die nywerheidsontwikkeling op Sasolburg is besluit om 'n nywerheidskommando te stig wat vanaf 1 Oktober 1969 plaaslike nywerhede sou beveilig. Die Sasol Kommando was een van enkele industriële kommando's wat teen 1974 bestaan het.[56] Slegs werknemers van die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (SASOL) en die Nasionale Petroleum Raffinadery van Suid-Afrika (NATREF) is as lede van dié kommando gewerf.[57]

Die Sasol Kommando het sy eerste permanente hoofkwartier gedurende Mei 1975 in besit geneem.[58] Die eenheid is in 1978 as die mees effektiefste kommando in die land geëvalueer. Die Sasol Kommando het ook met Sasolburg Kommando nou saam gewerk.[59] Die reg tot vrye toegang is in Augustus 1979 aan die eenheid toegeken.[60] Die aanslag op SASOL I het tot gevolg gehad dat die eenheid na 'n volskaalse industriële kommando omgeskakel is. Die eenheid is met ingang van 1 Januarie 1981 na die Kommandement Witwatersrand

---

[54] Anon, "Shooting advice from RSM: Meyerton Commando's community project", in *Vaal Ster*, 08-12.03.1993.

[55] Anon, "Onderwysers van Meyerton", *Bevkom, Meyerton Kommando*, 29.03.1994.

[56] Vgl. ook H. Dunn, "One of the few guarding the precious", *Paratus*, 26(6), Junie 1975, p. 10.

[57] Anon, "Sasol-Kommando...Sasolburg-Kommando: Hulle beskerm ons kosbare brandstof", *Paratus*, 30(8), Augustus 1979, p. 19; MAV, p. 97. 29032000. Pretsch, T., (66) Sasolburg.

[58] Anon, "Kommando kan spog met sy nuwe hoofkwartier", in *Vaalweekblad*, 30.05.1979. Vgl. ook H. Dunn, "One of the few guarding the precious", *Paratus*, 26(6), Junie 1975, p. 10.

[59] Anon, "Sasol Kommando ... Sasolburg Kommando", *Paratus*, 30(8), Augustus 1979, p. 19.

[60] Anon, "Foto: Reg van Vrye Toegang", in *Vaalweekblad*, 17.08.1979; Anon, "Vryheid van dorp aan twee kommando's" in *Vaalweekblad*, 02.08.1979.




Illus. 20: Lede van die Sasol Kommando voor die SASOL-aanleg.
Bron: A. Dunn, "Safeguarding a nerve-centre", *Paratus*, 26(6), Junie 1975, p. 9.



Illus. 21: AO1 Johan du Preez en die bevelvoerder van die Vaal Kommando, kmdt Fanie Lombaard met ISCOR op die agtergrond.
Bron: J. Hennop, "Pas op! By nie verniet dié manne se simbool", in *Paratus*, 41(2), Februarie 1990, p. 28.

oorgeplaas, sodat die eenheid onder die bevel van Groep 17 met die beveiliging van die Vaaldriehoek kon help.[61]

Soos wat die geval met ander Vaaldriehoekse eenhede was, het ook die Sasol Kommando probeer om deur funksies fondse in te samel en om die publiek te bereik. Die eenheid het jaarliks 'n militêre bal aangebied.[62] 'n Jaarlikse gholfdag is aangebied in 'n poging om fondse vir die eenheid in te samel en om skakeling met die gemeenskap te behou.[63] Op 14 November 1987 en op 10 November 1990 het die Sasol Kommando sy reg tot vrye toegang van Sasolburg uitgeoefen.[64] In September is 1988 erelidmaatskap van die eenheid aan genl.maj. C. W. van der Westhuizen toegeken.[65] Die Sasol Kommando is op 29 Maart 1990 van die bevel van Groep 17 na die bevel van Groep 24 op Kroonstad oorgeplaas. Die eenheid het ook die onderskeiding behaal om in 1989 as die derde beste eenheid en in 1990 as die tweede beste eenheid in die land aangewys te word.[66] Kort voor die 1994 verkiesing het die eggenotes van lede van Sasol Kommando dit oorweeg om ter wille van groter paraatheid 'n damesvereniging te stig.[67]

### 3.3.4 VAAL KOMMANDO

Die Vaal Kommando het voor 3 September 1987 as die Iscor Kommando bekend gestaan. Die Iscor Kommando is op 1 November 1969 gestig met die doel om

---

[61] Anon, Die geskiedenis van Sasol Kommando, Eenheidsgeskiedenislêer, DDD, pp. 1-8; Vgl. ook H. Dunn, "One of the few guarding the precious", *Paratus*, 26(6), Junie 1975, p. 10.

[62] Anon, "Foto: Bal van Sasol Kommando", in *Vaal Ster*, 25-29.05,1987.

[63] Anon, "Sasol-kommando werk en speel hard", in *Vaal Ster*, 19-23.10.1989; Anon, "Op die looppas: Sasol-kommando", in *Vaal Ster*, 05-09.12.1988.

[64] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 90, 512/2/1/5, Toekenning van die reg van vryheid van stede en dorpe, Seinberig: Van Kmdt. Wit aan GP 17 – Sasol Kommando, 23.09.1987; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Sasol Kommando: Amptelike jaarverslag 1990.

[65] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Sasol Kommando: Geskiedenis van Sasol Kommando, p. 12.

[66] Anon, "Sasol-kommando verskuif na Groep 24 te Kroonstad", in *Vaalweekblad*, 06.04.1990.

[67] Anon, "Kommando-vroue wil meer paraat wees", in *Vaal Ster*, 15-19.11.1993.

die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (ISCOR) as 'n nasionale sleutelpunt (NSP) te beskerm.[68]

Om sy tiende bestaansjaar te vier, het die eenheid in November 1979 deur die strate van Vanderbijlpark gemarsjeer.[69] Die nuwe kantoorkompleks van die Vaal Kommando is op 14 Augustus 1981 deur genl. Magnus Malan geopen. Tydens dié geleentheid het genl. Malan die belangrikheid van industriële kommando's beklemtoon omdat daar pogings deur insypelaars was om die nywerheids- en vervoerwese te ontwrig.[70] Generaal Malan het gesê dat Iscor Kommando 'n daadwerklike rol binne die ekonomiese en industriële sfeer en ook in die beveiliging van die totale Suid-Afrika speel.[71] Weens sakeredes is die naam van die eenheid na die Vaal Kommando verander.[72]

In Junie 1986 is 'n kommandoraad in die lewe geroep, ten einde die beeld van die betrokke kommando te verbeter.[73] Die reg van vryheid van toegang tot Vanderbijlpark is op 3 November 1990 toegeken. Tydens die geleentheid het die eenheid deur die strate van Vanderbijlpark gemarsjeer waarna daar 'n medaljeparade by die Hoërskool Vanderbijlpark gehou is en Gerrie Hoffmann tot ere-kolonel van die eenheid aangestel is. Hoffmann het in sy toespraak na die strategiese belangrikheid van ISCOR vir Suid-Afrika en die belangrikheid van Vaal Kommando in die beskerming daarvan benadruk.[74] Vaal Komando het vir

---

[68] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidgeskiedenislêer: Vaal Kommando.

[69] Anon, "Yskor Kommando tien jaar oud", in *Vaalweekblad*, 23.11.1979.

[70] Anon, "Waarsku oor terreur", Rand Daily Mail in *SA oorsig*, 21 Augustus 1981.

[71] Anon, "Kommandonuus: Yskor-kommando op sy hoede vir Rooi gevaar", *Paratus*, 32(11), November 1981, p. 34; Sien ook hoofstuk een, strategiese belangrikheid van ISCOR.

[72] MAV, p. 59. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark.

[73] Anon, "Kommando kry Raad", in *Vaalweekblad*, 17.06.1986.

[74] Anon, "History made as Vaal Commando receives freedom of V'bijl", in *Vaal Ster*, 12-16.11.1990; Vgl. ook DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 90, 512/2/1/3, Colour parades, Toekenning van vryheid van toegang tot Vanderbijlpark: Vaal Kommando, 18.07.1990.

Gerrie Hoffmann aangestel as gevolg van die skakeling tussen ISCOR en die Suid-Afrikaanse weermag.[75]

Die toekenning van die reg tot vrye toegang is deur die hoof van die leër, lt. genl. George Meiring, bestempel as 'n tasbare bewys van die gees van welwillendheid van die stadsraad en die burgers van Vanderbijlpark jeens Vaal Kommando en die weermag.[76] 'n Hoogtepunt was die eenheid se twee en twintigste jaarlikste prysuitdelings- en medaljedag, en die tweede mars deur Vanderbijlpark sedert die eenheid aanvanklik die reg van vrye toegang tot die dorp ontvang het.[77] As gevolg van die veiligheidsituasie in die Vaaldriehoek, het die Vaal Kommando teen 1990 nie net meer die ISCOR-werke beskerm nie, maar is ook in 'n onluste bekampingsrol aangewend.[78]

Gedurende Februarie 1992 is 'n seminaar deur *Interact Consultants* aan lede van die Vaal Kommando gebied, waar hulle geleer het om beter vooruitskattings te maak en probleme te identifiseer.[79] Vaal Kommando het in Julie 1994 gehelp met die aflewering en vervoer van 1,9 ton mieliemeel aan Rwanda. Die geld vir die projek is deur die NG gemeente Vanderbijlpark-Suid ingesamel.[80]

### 3.3.5 PARYS KOMMANDO

Hierdie eenheid se geskiedenis strek terug tot voor Uniewording in 1910.[81] Dié kommando het tot in 1967 as die Vredefort Kommando bekend gestaan. Daarna is die naam na die Noord-Vrystaat Kommando verander en in 1972 na die Parys

---

[75] MAV, p. 93, 28032000, Hoffmann, G., (62) Vanderbijlpark.

[76] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 90, 512/2/1/3, Toekenning van die vryheid van stede en dorpe, Brief: Hoof van die Leër, lt. genl. George Meiring aan die stadsraad van Vanderbijlpark, 24.07.1990.

[77] Anon, "Vaal Commando holds prizegiving in style", in *Vaal Ster*, 11-15.11.1991.

[78] Anon, "History made as Vaal Commando receives freedom of V'bijl", in *Vaal Ster*, 12-16.11.1990; MAV, p. 165. 28062000. Lombard, S. J., (51) Vanderbijlpark.

[79] Anon, "Kommando-lede word paraat", in *Vaalweekblad*, 28.02.1992.

[80] Anon, "Gemeente skenk 1,9 ton mieliemeel aan Rwanda", in *Vaal Ster*, 04-08.07.1994.

[81] Anon, "Unievlag gehys op Parys", in *Vaalweekblad*, 01.10.1976.

Kommando.[82] Die eenheid het die reg van vrye toegang van Parys in Oktober 1980 ontvang. Tydens die geleentheid is daar klem gelê op die bydrae wat die kommando in die beveiliging van die dorp gelewer het.[83] Die weermag het in Februarie 1985 'n ou Saxton-tenk aan die Parys Kommando geskenk.[84] Die eenheid het ook jaarliks 'n jaareindfunksie aangebied.[85] Die Parys Kommando het onder die bevel van Groep 24 op Kroonstad geressorteer. Die eenheid het landelike gebiede om Parys en ook die swart woonbuurt, Tumahole, beveilig.[86]

### 3.3.6 INDUSTRIËLE KOMMANDO'S

Daar was in die Vaaldriehoek in 'n stadium twee industriële kommando-eenhede, naamlik die Sasol Kommando en die Iscor Kommando, daarom is dit belangrik dat daar kortliks verduidelik word wat die doel met industriële kommando's was.[87]

Gedurende die sestigerjare het ISCOR-Pretoria 'n versoek aan die kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse weermag gerig dat nywerhede hulle eie militêre beskermingselemente op die been moes bring. Die aanvanklike gedagte daarmee was dat die werknemer gedurende tye wanneer 'n bedreiging ontstaan, met die wapen in die een hand en die gereedskapstuk in die ander moes werk. Voortspruitende uit dié gedagte, is besluit dat industriële kommando's gestig word. So 'n kommando het aan die betrokke fabriek behoort. Op 12 Oktober 1967 het die kommandant-generaal gelas dat samesprekings tussen die

---

[82] DDD, Pretoria, Kmdt. Vrystaat, Eenheidsgeskiedenislêer: Parys Kommando: Jaarverslag 1992.

[83] Anon, "Kommando kry Vryheid van dorp op Parys", in *Vaalweekblad*, 21.10.1980; Anon, "Town cheers Parys Commando", Paratus, 32(1), Januarie 1982, p. 60; DDD, Pretoria, Kmdt. Vrystaat, Eenheidgeskiedenislêer, Parys Kommando, Jaarverslag 1992 uitreksel uit die notule van 'n buitengewone vergadering van die munisipale raad 18.10.1980.

[84] Anon, "Lugmagmanne kuier op Parys", in *Vaalweekblad*, 09.10.1984; Anon, "Ou Saxton pryk nou op Parys", in *Vaalweekblad*, 12.03.1985.

[85] DDD, Pretoria, Kmdt. Vrystaat, Eenheidsgeskiedenislêer: Parys Kommando: Jaarverslag 1989.

[86] MAV, p. 209. 23.11.2000. De Villiers, D.W., (55) Parys.

[87] DDD, Pretoria, Opsomming van beleid: Stigting van NSP-Komdo's of sub-eenhede, 31.03.1980, pp. 3-5.

weermag en ISCOR gehou word. Die industriële kommando's is dus aanvanklik in die lewe geroep ter beskerming van die binnewerke.[88]

'n Industriële kommando is uitsluitlik vir die beskerming van 'n geregistreerde nasionale sleutelpunt (NSP) aangewend. Die industriële kommando moes in tye van nood die NSP beskerm teen bedreigings van militêre aard en toesien dat die NSP se funksionering behoue bly. Die organisasie van sulke eenhede was ook geskoei op die basis van 'n infanterie-kommando-module. In 'n dokument gedateer 31 Maart 1980 wat aan alle kommando-eenhede as geklassifiseerde NSP'e gestuur is, word gevra dat eienaars en besture van NSP'e dringend in samewerking met die leër vrywilligerelemente in industriële sub-eenhede organiseer en vir eie beskerming oplei.[89] Genl. Magnus Malan het vertel dat hy beïndruk was met Vaaldriehoekse industriële kommando's.[90]

Die beskerming van 'n NSP was 'n leërtaak wat volgens operasionele beplanning uitgevoer moes word. Die teensabotasie- en teenspioenasie-maatreëls sowel as die fisiese sekerheidsmaatreëls het by die NSP-eienaar berus. Die bestuur van 'n bepaalde NSP moes ook sy eie burgerlike beskermingsmaatreëls tref. Die stigting van industriële kommando's was tot NSP'e en omliggende industriële gebiede beperk. Die grootte van so 'n eenheid het uit operasionele waardering voortgevloei. Die rol en taak van industriële kommando's was gerig op die beskerming van NSP'e teen terroriste-aanslae. Sulke eenhede het egter ook die funksie gehad om inligting in te samel oor eksterne bedreigings teen die NSP.[91]

---

[88] Anon, "Beskerming van werkplek", in *Vaalweekblad*, 18.05.1990; Vgl. MAV, p. 59. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark.

[89] DDD, Pretoria, Opsomming van beleid: Stigting van NSP-Komdo's of sub-eenhede, 31.03.1980, p. 1.

[90] MAV, p. 20. 06071999, Malan, M. de M., (69) Pretoria; Vgl. ook MAV, p. 22. 28071999, Viljoen, C., (66) Pretoria.

[91] DDD, Pretoria, 41 HK(Gp 1), H 21, 301/1/B, Implementeringsinstruksies: kommandobeleid, 31.08.1981, p. 9.

### 3.4 DIE REGIMENTE VAN DIE VAALDRIEHOEK

Die oorspronklike regimente wat in die Vaaldriehoek gestasioneer was, het onder die bevel van 'n hoër formasiehoofkwartier gefunksioneer, is opgelei in konvensionele oorlogvoering en is ook buite die streek aangewend. Van die regimente in die streek was aanvanklik kommando's, maar hulle is later na teeninsurgensie-regimente omgeskakel. Teen die laat tagtigerjare het regimente wat veronderstel was om in 'n konvensionele rol aangewend te word, ook diens in swart woongebiede begin doen.

#### 3.4.1 REGIMENT VAALRIVIER (RVR)

Die Regiment Vaalrivier kan sy ontstaan na 1 Julie 1939 met die stigting van 1 lugafweerbattery terugvoer.[92] In 1946 is die 1ste ligte lugafweerregiment in Vereeniging gestig. In daardie stadium was die lugafweer nog onder die bevel van die lugmag.[93] Alle lugafweereenhede is vanaf 1 Februarie 1949 onder die beheer van die leër geplaas.[94] Die eenheid het in 1951 deel van die marinierskorps geword en is na die ontbinding van dié korps weer op 1 Oktober 1955 onder die bevel van die artillerie geplaas.[95]

Hierdie eenheid is die oudste regiment in die Vaaldriehoek en is op 1 April 1960 gestig. Die Regiment Vaalrivier is gestig nadat 1 en 2 ligte lugafweerregimente (Benoni) ontbind is as gevolg van die herorganisering van die burgermag. Ná die herorganisering was die Regiment Vaalrivier een lugafweerregiment met sy hoofkwartier in Vereeniging.[96] Die Regiment Vaalrivier was vanaf sy

---

[92] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Regiment Vaalrivier, Eenheidsgeskiedenislêer: Geskiedenisoorsig van Regiment Vaalrivier 1939 – 1993.

[93] C. J. Nöthling (red.), *Ultima regum: Artillerie geskiedenis van Suid-Afrika* (Pretoria, Militêre informasieburo, 1987), p. 237.

[94] C. J. Nöthling (red.), *Ultima regum: Artillerie geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 239.

[95] Anon, "Regiment Vaalrivier has freedom of Vereeniging", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 29.10.1967; MAV, p. 228; 27122000, Lubbe, J., (71) Parys; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Regiment Vaalrivier, Eenheidsgeskiedenislêer: Disbandment – SA Corps of Marines ACF, 18.01.1956.

[96] L. Crook, Youngs Field, *A history of the anti-aircraft school* (Anti-aircraft school/10 ant-aircraft regiment, Kimberley, 1991), p. 38; Vgl. ook MAV, p. 228. 27122000, Lubbe, J., (71) Parys.

stigtingsdatum tot 1972 onder bevel van die Kommandement Witwatersrand. Van 1972 tot 1984 was RVR onder bevel van 7 Infanteriedivisie. In 1984 is RVR na die bevel van die Kommandement Oos-Transvaal oorgeplaas, maar is weer in 1987 na die bevel van 7 Infanteriedivisie terugverplaas.[97]

Die regiment het die reg van vrye toegang tot Vereeniging op 27 April 1963 ontvang.[98] Die reg van vrye toegang tot Vanderbijlpark is op 31 Oktober 1970 ontvang. Die reg van vrye toegang tot Vereeniging is die eerste keer deur die regiment op 24 April 1973 uitgeoefen.[99] Teen 1975 het RVR uit 3x12 batterye van 35mm-kanonne bestaan.[100] Kol. Jan Lubbe is na sy uittrede as bevelvoerder van RVR in 1976 as assistant-direkteur van lugafweer by die Suid-Afrikaanse 1ste Korps aangestel. Hy was senior staf-offisier by die Korps tot in 1980.[101]

Die eenheid het ook jaarliks 'n bal gehou.[102] Die Regiment Vaalrivier het gedurende Oktober 1979 sy veertigste bestaansjaar gevier.[103] Die eenheid is in 1992 deur die kanonniersbond as die beste lugafweerregiment vereer, met die toekenning van die Bofor-wisseltrofee.[104] Tydens die bevelsoorhandiging van RVR aan die einde van Februarie 1992, het die uittredende regiment sersant-majoor (RSM), AO1 Jan van den Berg, onder meer gesê dat die regiment aan vier operasies, drie grensdienskampe en vyf groot oefeninge deelgeneem het. Een van die gaste tydens die geleentheid was brig. Roland de Vries,

---

97 DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Regiment Vaalrivier, Eenheidsgeskiedenislêer: Eenheidsgeskiedenis van RVR.

98 Anon, "Regiment Vaalrivier has freedom of Vereeniging", in *Vereeniging &Vanderbijlpark News*, 27.10.1967.

99 DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Regiment Vaalrivier, Eenheidsgeskiedenis lêer: Jaarverslag 1993.

100 C. J. Nöthling (red.), *Ultima regum: Artillerie geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 262.

101 MAV, p. 229. 27122000, Lubbe, J., (71) Parys.

102 Anon, "Regiment hou deftige bal", in *Vaalweekblad*, 28.10.1977; MAV, p. 229. 27122000, Lubbe, J., (71) Parys.

103 Anon, "Foto: RVR vier sy veertigste bestaansjaar tydens 'n geselligheid by die Holiday Inn op Vanderbijlpark", in *Vaalweekblad*, 09.10.1979.

104 Anon, "Anti-aircraft regiment receives prestige trophy", in *Vaal Ster*, 16-20.03.1992.

bevelvoerder van 7 Infanteriedivisie.[105] 'n Paar dae voor sy vaandelparade is daar 'n medalje-parade gehou en tydens die geleentheid is die regiment ook deur sy nuwe ere-kolonel, kol. W. Wassermeier, geïnspekteer. Die bevelvoerder van 7 infanteriedivisie, brig. Roland de Vries, was 'n eregas.[106] Die eenheid het op 24 Julie 1993 sy vaandelparade in Vereeniging gehou. Die staatspresident, F.W. de Klerk, was die spreker tydens die geleentheid en het die regiment vir sy rol in die verdediging van Suid-Afrika geprys.[107]

### 3.4.2 REGIMENT OVERVAAL (ROV)

Hierdie eenheid se hoofkwartier was vir die grootste deel van sy bestaan in Vereeniging gesetel. Die eenheid was aanvanklik as 8 ligte lugafweer (LLA) bekend en deel van RVR. Die afdeling is egter doelbewus gevoed sodat ROV gedurende Desember 1969 gestig kon word.[108] Die regiment is gedurende 1975 onder die bevel van 8 Pantserdivisie geplaas.[109] ROV het teen 1975 uit 3x12 batterye 35mm-kanonne bestaan.[110]

Dele van die regiment is gedurende 1976 gemobiliseer om grensdiens te verrig.[111] In November 1978 het die uittredende bevelvoerder, kol. W. S. van der Walt, in sy afskeidsrede daarna verwys dat die aanslag dieselfde patroon as in die Viëtnamese oorlog gevolg het en gemeen dat dit noodsaaklik vir die

---

[105] Anon, "Regiment kry nuwe bevelvoerder", in *Vaal Ster*, 22-26.02.1993; Vgl. ook DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Regiment Vaalrivier, Eenheidsgeskiedenislêer:, Jaarverslag 1993.

[106] Anon, "Regiment vereer", in *Vaal Ster*, 02-06.08.1993.

[107] Anon, "Praise for local regiment", in *Vaalweekblad*, 30.07.1993; Vgl. ook Anon, "Regiment vereer", in Vaal Ster, 02-06.08.1993.

[108] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Regiment Overvaal, Eenheidsgeskiedenislêer: Vol.I: Anon, "Oorsig oor regiment overvaal se geskiedenis sedert sy stigting", p. 1; C. J. Nöthling(red.), Ultima regum: *Artillerie geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 259.

[109] Anon, "Regiment Overvaal 10 jaar oud: Bevorderings aangekondig", in *Vaalweekblad*, 23.11.1979.

[110] C. J. Nöthling (red.), *Ultima regum: Artillerie geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 262.

[111] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer ROV Vol.II, Toespraak genl.maj. J.A. Klopper, TSA en ROV vaandelparade, 15.09.1990, p. 2.

weermag en die polisie was om paraat te wees.[112] Die eenheid se damesklub het in 1976 tot stand gekom.[113] Aan die einde van Mei 1980 het die eenheid tydens 'n formele militêre dinee, benewens sy grensmanne, ook die vader van die naoorlogse lugafweerwese in Suid-Afrika, brig. L.G.F. Wölf, vereer.[114] Die regiment het hom in 1981 onderskei toe hy deur die kanonniersbond as die beste lugafweereenheid vereer is.[115]

Die eenheid het gedurende Mei 1982 sy eerste veldoefening saam met 82 brigade by Lohatla meegemaak. Gedurende April 1982 is aan nog 'n oefening by Lohatla onder bevel van 81 Pantserbrigade deelgeneem. Tydens dié oefening het ROV die hoogste evaluasiepunt, verwerf wat tot in daardie stadium nog behaal is, naamlik 85 persent.[116] Nog 'n prestasie vir ROV was dat sy bevelvoerder, kmdt. L. Human, in September 1983 as stafoffisier by 8 Pantser-divisie aangestel is.[117]

Die Regiment Overvaal het jaarliks sy veilige terugkeer van Operasie Savannah herdenk.[118] Dié regiment is gedurende 1984 na die Kommandement Verre Noord oorgeplaas om grensdiens in die Messina area te verrig. Die reg van vrye toegang tot Vereeniging is in September 1986 aan ROV verleen.[119] Die eenheid is gedurende 1987 weer onder die evel van 8 Pantserdivisie geplaas.[120] Soos

---

[112] Anon, "Weermag en polisie moet immer paraat wees", in *Vaalweekblad*, 10.11.1978; Sien ook hoofstuk 7.

[113] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer ROV Vol.II, Toespraak genl.maj. J.A Klopper, TSA en ROV vaandelparade, 15.09.1990, p. 2.

[114] Anon, "Regiment vereer sy grensmanne", in *Vaalweekblad*, 30.05.1980.

[115] Anon, "Regiment vereer vir hoë standaard", in *Vaalweekblad*, 23.04.1982.

[116] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer ROV Vol.II, Toespraak genl.maj. J.A Klopper, TSA en ROV vaandelparade, 15.09.1990, p. 2.

[117] Anon, "Regiment Overvaal neem afskeid", in *Vaalweekblad*, 25.03.1983.

[118] Anon, "Operasie Savanne herdenk', in *Vaalweekblad*, 06.08.1982.

[119] Anon, "Reg van Vrye Toegang aan Regiment", in *Vaalweekblad*, 12.09.1986.

[120] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer ROV Vol.II, Toespraak genl.maj. J.A Klopper, TSA en ROV vaandelparade, 15.09.1990, p. 2.

wat die veiligheidsituasie in die land verander het, is ook ROV vanaf 1987 nie meer in 'n suiwer lugafweerrol aangewend nie, maar al meer in onlusbeheer aangewend.[121] Op 30 April 1988 is van die bevelvoerder, kmdt. Pierre Viljoen, afskeid geneem nadat ook hy as staf-offisier na 8 Pantserdivisie oorgeplaas is.[122] Die eenheid het in September 1989 sy twintigste bestaansjaar gevier.[123]

Die nasionale vaandel en die eenheidskleure is op 15 September 1990 aan die Tranvaalse Staatsartillerie (TSA) en ROV tydens 'n parade op die sportterrein van die Hoërskool Vereeniging oorhandig.[124] In sy toespraak het genl. maj. J. A. Klopper, H. Leër S.Ops., die stadsraad van Vereeniging bedank omdat ROV geborg is met die oog op die verkryging van die eenheidsvaandel.[125] Die laaste bevelvoerder van ROV was lt.kol. J.C.(Zaadjie) Zelie. Hy was die eerste offisier uit die geledere van 8 LLA om as bevelvoerder van ROV aangestel te word.[126] Die eenheid het ook jaarliks 'n militêre bal gehou.[127]

### 3.4.3 REGIMENT VANDERBIJLPARK (RVB)

Hierdie eenheid het aanvanklik as die Vanderbijlpark Kommando bekend gestaan.[128] Die Vanderbijlpark Kommando het in 1953 as 'n skietkommando tot stand gekom, toe dit van die Vereeniging Kommando afgestig het. Die Vanderbijlpark Kommando is in 1961 formeel gemilitariseer toe aan alle lede

---

[121] Anon, "Bedrywige 21 jaar", in *Vaalweekblad*, 02.11.1990; MAV, p. 162. 27062000, Veldman, C. S., (57) Buyscelia.

[122] Anon, "Regiment says farewell to commandant", in *Vaal Ster*, 09-13.05.1988.

[123] Anon, "Regiment Overvaal vier sy 20ste verjaarsdag", in *Vaalweekblad*, 29.09.1989.

[124] Anon, "Parades", *Paratus*, 41(11), November 1990, p. 67.

[125] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer ROV Vol.II, Toespraak genl.maj. J.A Klopper, TSA en ROV vaandelparade, 15.09.1990, p.1; Anon, "New motto applies to civilians and soldiers", in *Vaalweekblad*, 22.09.1990.

[126] Anon, "Foto: Bevelsoorhandiging van kmdt. P.J. Roets aan maj. J.C. Zelie", in *Vaalweekblad*, 20.12.1991; D. Jensen, "Regiment Overvaal verwelkom nuwe bevelvoerder", in *Vaalweekblad*, 14.02.1992.

[127] Anon, "Regiment Overvaal hou sy bal", in *Vaal Ster*, 23-27.11.1992; Vgl. MAV. p. 10. 13071998, Zelie, J. C., (46) Vereeniging.

[128] Anon, "Dorp neem afskeid van bekende kommandoleier", in *Vaalweekblad*, 18.04.1975.




Illus. 22: Die nuwe hoofkwartier van die Vanderbijlpark Kommando is op 9 September 1978 deur die minister van verdediging, P. W. Botha, geopen.

Bron: *B. Schempers fotoversameling.*

magsnommers toegeken is en alle lede in kompanies ingedeel is. Vanaf 1961 tot 1969 was die eenheid verantwoordelik vir die beveiliging van Vanderbijlpark en van ISCOR. Die Iscor Kommando het op 1 November 1969 tot stand gekom en die dorp was nie meer die verantwoordelikheid van dié eenheid nie.[129] Die eenheid het in April 1975 deur die strate van Vanderbijlpark gemarsjeer. Die marsmusiek is deur die kadetorkes van die Hoërskool Transvalia verskaf.[130]

Die eenheid het vir die eerste keer gedurende 1976 grensdiens verrig.[131] Die nuwe hoofkwartier van die eenheid is op 9 September 1978 deur die minister van verdediging, P. W. Botha, geopen.[132] In sy toespraak het Botha die stadsraad van Vanderbijlpark vir sy aandeel in die oprigting van die nuwe hoofkwartier bedank.[133] Tydens die geleentheid het die eenheid ook deur die strate van Vanderbijlpark gemarsjeer.[134] Die reg van vrye toegang tot Vanderbijlpark is op 20 Februarie 1982 toegeken.[135] Die eenheid het met 'n formele ete wat in Augustus 1985 gehou is, R1000 vir die weermag se herstelfonds ingesamel.[136]

Vanaf 31 Januarie 1986 het die eenheid amptelik as die Regiment Vanderbijlpark bekend gestaan.[137] Daar is egter reeds op 3 Januarie 1986 'n mars deur die strate van Vanderbijlpark gehou sodat die publiek van nader met dié regiment

---

[129] P.N. John, "Men who are prepared to do their duty", *Paratus*, 36(4), April 1985, p. 25.

[130] Anon, "Foto: The army comes to town", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 18.04.1975; MAV, p. 94. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark.

[131] P.N. John, "men who are prepared to do theit duty", *Paratus*, 36(4), April 1985, p. 25.

[132] Anon, "Minister open hier hoofkwartier", in *Vaalweekblad*, 21.07.1978; B Schempers fotoversameling.

[133] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenslêer: Regiment Vanderbijlpark, Vol.I Toespraak mnr. P.W. Botha, Minister van Verdediging tydens die amptelike opening van die hoofkwartier van die Vanderbijlpark Kommando op 9 September 1978.

[134] Anon, "Minister open kommando se hoofkwartier", in *Vaalweekblad*, 01.09.1978.

[135] Anon, "Hoë eer aan kommando toegeken", in *Vaalweekblad*, 16.02.1982; Anon, "Groot eer vir Vanderbijlpark kommando", in *Vaalweekblad*, 19.02.1982; Anon, "Dorp is trots op sy kommando", in *Vaalweekblad*, 23.02.1982; Anon, "Vryheid vir Vanderbijl", *Paratus*, 33(6), Junie 1982, p. 43.

[136] Anon, "Formele militêre ete vir Herstelfonds", in *Vaalweekblad*, 02.08.1985.

[137] DDD, Pretoria, Eenheidsgeskiedenislêer:Regiment Vanderbijlpark Vol.I.

kon kennis maak.[138] Die eenheid het ook gedurende Augustus 1986 die première van die film "Bad Guys" op Sasolburg aangebied.[139] 'n Besondere eer het die eenheid te beurt geval toe daar gedurende 'n kamp van 1987 'n kompanie van die eenheid as Groep 17 se beste taakmagkompanie aangewys is. 'n Peloton van die eenheid het ook die trofee vir die beste peloton verower.[140]

Die medalje-parade van Augustus 1987 was die grootste parade wat tot in daardie stadium deur 'n eenheid in die Vaaldriehoek georganiseer is, en het uit verskeie militêre voertuie, berede soldate en die Light Horse-regiment orkes bestaan.[141] Die verhouding tussen die stadsraad en dié regiment was van so 'n aard dat die stadsraad aan die eenheid 'n leë huis geskenk het, wat as slaapkwartiere vir diensdoenende lede kon dien.[142] As blyk van vriendskap tussen die gemeenskap en die eenheid het die Ankerskool 'n modelkanon aan di Regiment oorhandig.[143] Die reg van vrye toegang is in Januarie 1990 tydens 'n medalje-parade uitgeoefen.[144] Die eenheid se verbintenis met Groep 17 is verbreek toe dit gedurende Januarie 1991 na Groep 42 in Johannesburg oorgeplaas is, waar dit saam met sewe ander eenhede in 'n brigade saamgegroepeer is.[145]

### 3.4.4 REGIMENT SASOLBURG (RSB)

Hierdie eenheid het aanvanklik as die Sasolburg Kommando bekend gestaan. Die eenheid was voor sy stigting op 14 Februarie 1962 deel van die Heilbron

---

[138] Anon, "Medaljes aan Vanderbijl se lede", in *Vaalweekblad*, 10.01.1986.

[139] Anon, "Foto: Die Regiment Vanderbijlpark het verlede week die primière van film 'Bad Guys' op Sasolburg aangebied", in *Vaalweekblad*, 08.08.1986.

[140] Anon, "Foto: Gedurende 'n onlangse kamp van die Regiment Vanderbijlpark by die Vereenigingse militêre basis is die kompanie as GP 17 se beste taakmagkompanie aangewys", in *Vaalweekblad*, 03.04.1987.

[141] Anon, "Stabiliteit: gemeenskap moet ook betrokke raak", in *Vaal Ster*, 24-28.08.1987.

[142] Anon, "Die Oom se lêplek nou 'n soldate rusplek", in *Vaal Ster*, 02-06.11.1987.

[143] Anon, "Skool se geskenk aan Regiment", in *Vaal Ster*, 28.08-01.09.1989.

[144] J. Hennop, "Vanderbijlpark se trots", *Paratus*, 41(2), Februarie 1990, p. 26.

[145] Anon, "Regiment smelt saam", in *Vaal Ster*, 21-25.01.1991; MAV, p. 154. 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

Kommando.[146] As gevolg van verdere nywerheidsontwikkeling op Sasolburg is 'n industriële kommando gestig met die uitsluitlike doel om die nywerhede op Sasolburg te beveilig.[147] Waar die Sasol Kommando vir die beveiliging van SASOL en NATREF verantwoordelik was, het die Sasolburg Kommando alle ander fabrieke en installasies op Sasolburg en in die distrik van Sasolburg beskerm.[148]

Die SASOL-aanslag op 1 Junie 1980 het die Sasolburg Kommando ten nouste geraak. Die eenheid is onmiddellik vir die periode van 2 Junie 1980 tot 31 Julie 1980 gemobiliseer en weer van 1 Mei 1981 tot 30 Junie 1981. Die eenheid is vanaf 1 Januarie 1982 van die bevel van Groep 24 na Groep 17 in Vereeniging oorgeplaas. Gedurende Junie 1983 is die eenheid weer eens gemobiliseer. Die toevoeging van nywerhede soos African Explosives and Chemical Industries (AECI) en Karbochem as NSP'e tot die verantwoordelikheid van die Sasol Kommando, het die Sasolburgse Kommando ernstig geknou deurdat kamppligtige werknemers van die betrokke maatskappye na Sasol Kommando oorgeplaas is.[149]

Die eenheid was ook in 1984 by die Republiekfeesvieringe van Sasolburg betrokke. Die Sasol Kommando en Sasolburg Kommando het gesamentlik 'n bataljon soldate beskikbaar gestel om aan die verrigtinge deel te neem, terwyl 'n gemotoriseerde kolonne, 'n kompanie kadette, 'n kadetorkes en 'n afdeling Voortrekkers ook deelgeneem het. Die gasspreker tydens die verrigtinge by die D.P. de Villiers stadion was genl. Magnus Malan.[150]

---

[146] Anon, "Regiment Sasolburg word 25", in *Vaalweekblad*, 06.03.1987.

[147] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Sasol Kommando: Eenheidsgeskiedenislêer.

[148] Anon, "Sasol Kommando ... Sasolburg Kommando: Hulle beskerm ons kosbare brandstof", *Paratus*, 30(8), Augustus 1979, p. 19.

[149] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg Vol.II, J.J. Retief, Sasolburg Kommando: Gebeure sedert 2 Junie 1980, Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg.

[150] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg: Spesiale eenheidsorder (deel 1), nr. 2/84, 23 April 1984.

Daar is in Junie 1985 aangekondig dat die Sasolburg Kommando na 'n regiment omgeskakel gaan word.[151] Die eenheid het reeds op 4 Februarie 1985 sy gebiedsveranwoordelikhede aan die Sasol Kommando afgestaan. Na die afkondiging van die noodtoestand op 20 Julie 1985, is die eenheid vir drie maande op 'n gereedheidsgrondslag geplaas.[152] Die reg tot vrye toegang is op 11 Augustus 1979 aan die eenheid toegeken en die eerste keer op 25 Oktober 1985 uitgeoefen.[153] Ten einde sy verbondenheid met die gemeenskap te betoon, het die eenheid besluit om die administratiewe bestuurder van SASOL op 5 Desember 1986 as ere-kolonel aan te wys. Die eenheid het ook probeer om soveel moontlik Vaaldriehoekers in sy geledere op te neem. Die strewe was slegs gedeeltelik suksesvol omdat slegs 42 persent van sy lede in die Vaaldriehoek woonagtig was.[154]

Aan die begin van 1986 is daar besluit dat die eenheid vanaf 31 Januarie 1986 as 'n burgermag teeninsurgensie-bataljon aangewend sou word. Die stap het meegebring dat die eenheid in die swart woongebiede rondom Vereeninging in 'n onlusbeheerrol ontplooi is.[155] Tydens die viering van die vyf en sewentigste bestaansjaar van die burgermag, het die Regiment Sasolburg ook 'n peloton na Johannesburg gestuur.[156] Die eenheid is in 1991 van die bevel van Groep 17 na Groep 42 oorgeplaas, sodat sewe regimente kon saamsmelt om oor die hele Witwatersrand aangewend te word.[157]

---

[151] Anon, "Kommando gaan regiment word", in *Vaalweekblad*, 04.06.1985.

[152] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg Vol.III, Jaarverslag 1985.

[153] Anon, "Regiment Sasolburg word 25" , in *Vaalweekblad*, 06.03.1987.

[154] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg: Jaarverslag 1986, Vol.III, p. 1.

[155] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer: Regiment Sasolburg: Volume 3: Jaarverslag 1986, Aanhangsel 1, Magsontwikkeling: Implementeringsinstruksie: 6/86.

[156] Anon, "Foto: Viering van die Burgermag se 75ste bestaansjaar", in *Vaal Ster*, 11-15.07.1988.

[157] Anon, "Regiment Sasolburg nou by Groep 42", in *Vaalweekblad*, 01.02.1991; MAV, p. 154. 26062000, Joubert, A., (38) Vanderbijlpark.

## 3.5 FORMASIEHOOFKWARTIERE IN DIE VAALDRIEHOEK

Die hoofkwartiere van die verskillende formasies, soos 'n brigadehoofkwartier en 'n groephoofkwartier, was in 'n stadium in Vereeniging gestasioneer.

### 3.5.1 73 GEMOTORISEERDE BRIGADE

Dié brigade is op 1 Augustus 1974 gestig en was een van drie brigades van 7 Infanterie-divisie. Die brigades is in verdedigingsgebiede geplaas en was deel van die landwaartse konvensionale mag.[158] Daar is gehoop om die herehuis in Drie Riviere wat 'n mnr. Slabbert aan die weermag nagelaat het, as 'n offisiersklub te gebruik. Die idee het egter nie gerealiseer nie.[159]

Die hoofkwartier van die brigade is aan die begin van Januarie 1975 in Vereeniging gevestig en was die skakel tussen 'n aantal burgermageenhede wat oor die hele land versprei was. Feitlik alle korpse, soos artillerie, infanterie, pantser, genie, sein, tegnies, medies en onderhoud, was in die brigade teenwoordig. Die hoofkwartier in Vereeniging was vir die administrasie, opleiding en toesig oor fondse en inrigtings verantwoordelik. Die brigade was nie 'n opleidingseenheid nie, maar 'n formasiehoofkwartier en het dus beheer uitgeoefen oor eenhede ver buite die grense van Vereeniging. Die plasing van so 'n senior hoofkwartier in Vereeniging was 'n erkenning van die belangrikheid en groeipotensiaal van die Vaaldriehoek en omgewing. Die brigade het hom ten doel gestel om ook op ander terreine as die militêre, 'n rol te speel.[160]

Eenhede wat onder die eenheid se bevel was, was die Witwatersrand Rifles, die Regiment Oosrand, die Regiment Uitenhage, die 2de Regiment President Steyn, 18 Veld-eskadron, 73 Seineenheid, 10 Onderhoudseenheid, 29 Veldwerkplaas,

---

158 MAV, p. 23. 28071999, Viljoen, C., (66) Pretoria.

159 DDD, Pretoria, 73 Brigade, Groep 1, Houer 4, Historiese dokumente, Beknopte geskiedenis 73 Mot BDE.

160 Anon, "Gemotoriseerde brigade uit Vereeniging bestuur", in *Vaalweekblad*, 16.05.1975; Anon, "73 Gemotoriseerde Brigade", in *Byvoegsel tot Paratus*, November 1975, p. v.

13 Veldambulansbataljon en 6 Veldregiment.[161] 'n Hele aantal dienspligtiges het ook by die eenheid diens verrig.[162] Die brigade is gedurende September 1976 deur, die hoof van die leër, genl. Constand Viljoen, besoek.[163] Op 7 Julie 1979 het die brigade sy eerste medalje-parade gehou.[164] Omdat Sasolburg en omliggende gebied in 1980 tot die verantwoordelikheidsgebied van die Kommandement Witwatersrand toegevoeg is, het die bevelvoerder van die kommandement se provoos-eenheid (militêre polisie), maj. P. N. Atterbury, voorgestel dat 'n provoos-subeenheid by 73 Brigade gestig word.[165] Die brigade het in 1980 na die Rand verskuif.[166]

### 3.5.2 GROEP 17

Groep 17 was 'n sub-hoofkwartier van die kommandement Witwatersrand.[167] Alle kommando's in die Vaaldriehoek en dele van die Wes-Rand behalwe die Parys Kommando was in een of ander stadium onder bevel van Groep 17, insluitende die Vaaldriehoekse kommando's wat later regimentstatus verkry het. Die eenheid het in Augustus 1980 vanaf Randfontein na Vereeniging verskuif. Dié stap is gedoen vanweë die hoë prioriteit wat die Vaaldriehoek en omliggende gebiede teen die begin van die tagtigerjare geniet het.[168]

---

[161] Anon, "73 Gemotoriseerde brigade uit Vereeniging bestuur", in *Vaalweekblad*, 19.03.1976.

[162] Anon, "Diensplig eindig nie na 2jr nie", in *Vaalweekblad*, 04.07.1980.

[163] Anon, "Leërhoof besoek brigade", in *Vaalweekblad*, 01.10.1976.

[164] Anon, "First medal parade for 73 Motorised Brigade", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 13.07.1979; Anon, "16 Brigadelede kry medaljes", in *Vaalweekblad*, 17.07.1979.

[165] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 1, 101/1, Personeelbehoeftebepaling, Brief maj. P. N. Atterbury aan bevelvoerder Kmdt. Wit., 21.01.1980; Vgl ook DDD, Pretoria, 41 HK(Gp 1), H 26, 502/1: Organisasiebeheer – stigting en ontbinding van hoofkwartiere en eenhede(31.03.80 – 26.10.81), Opsomming van beleid: stigting van NSP-Komdo's of sub-eenhede, 31.03.1980, p. 6.

[166] Vgl. Anon, "Militêre eenheid nou op Vereeniging", in *Vaalweekblad*, 08.08.1980.

[167] MAV, p. 23. 28071999, Viljoen, C., (66) Pretoria.

[168] Anon, "Militêre eenheid nou op Vereeniging", in *Vaalweekblad*, 08.08.1980.

Destyds is dit as belangrik beskou dat in 'n teeninsurgensie (TEIN) -situasie operasionele basisse ontwikkel moes word, vanwaar bataljonne/-groepe, kompanies en pelotons by wyse van aktiewe operasies kon optree om 'n gebied teen insurgensie te kon beskerm.[169] Die verantwoordelikheidsgebied van Groep 17 het vier persent van die totale oppervlakte van Suid-Afrika beslaan, waarop 35 persent van die bevolking gewoon het.[170] Alhoewel daar teen 1987 gerugte was dat die eenheid moontlik na die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (ESKOM) sentrum in Henley-on-Klip kon verskuif, het die eenheid nogtans tot ná 1994 in Vereeniging gebly.[171]

Groep 17 was 'n gebiedsgebonde groep en was onder meer verantwoordelik vir:[172]

a. die beskerming van alle toegekende sleutelpunte en militêre installasies om te verseker dat daar geen indringing sou wees nie;
b. die integriteit van die grondgebied en versekering van die veiligheid van alle inwoners; en
c. beperkte hulp, op kort kennisgewing, aan plaaslike owerhede.

Die doelwitomskrywing van Groep 17 was om die "kombersdekking" tydens TEIN-operasies te verskaf.[173]

Groep 17 het tussen 1980 en 1994 die gebiedsgebonde kommando-eenhede van Vanderbijlpark, Sasolburg, Vereeniging en die Wesrand onder sy bevel gehad. Later het die Meyerton Kommando ook by Groep 17 ingeskakel, alhoewel dié eenheid aanvanklik deel van Groep 42 was. Die twee industriële kommando's

---

169 Vgl. Danie Theronkrygskool, *Teen-insurgensieopleidingshandleiding*, p. 3/2-1; MAV, p. 23. 28071999, Viljoen, C., (66) Pretoria.

170 Anon, "Vroue maak kennis met lewe in swart gebiede", in *Vaalweekblad*, 23.07.1993.

171 Anon, "Military welcome in Henley", in Vaalweekblad, 09.10.1987.

172 DDD, Pretoria, 41 HK (Gp 1), H 27, 504/2/1, Verdedigingsprogrambegroting, Doelwitstruktuur vir die Kommandement Witwatersrand (voorlopige beplanningsriglyne), p. 2.

173 DDD, Pretoria, 41 HK (Gp 1), H 27, 504/2/1, Verdedigingsprogrambegroting, Doelwitstruktuur vir die Kommandement Witwatersrand (voorlopige beplanningsriglyne), p. 3; Vgl. ook MAV, P. 186. 13072000, Van den Berg, F. J., (54) Falconridge.

van die Vaaldriehoek, naamlik die Sasol Kommando en die Iscor Kommando, het ook by Groep 17 ingeskakel.[174] Hierdie eenheid het elke jaar 'n militêre bal gehou, asook beeldbou-aksies, soos byvoorbeeld 'n onthaal vir lede van die Rapportryers van Vereeniging by die basis.[175]

Die bevelvoerder van die groep, kol. F. P. van Niekerk, het tydens die medalje-parade van Desember 1979 gesê dat elkeen van die ontvangers 'n skakel was in die bydrae wat gelei het tot die stabilisering van die toestand in die Vaaldriehoek.[176] In Mei 1992 is daar weer 'n medalje-parade aangebied. By dié geleentheid is daar 'n aantal Pro-Patria medaljes oorhandig. Die bevelvoerder van die Meyerton Kommando, kmdt. P. L. Watts, het ook 'n medalje vir 30 jaar getroue diens ontvang.[177] Groep 17 het skietdae vir sakelui aangebied.[178] Tydens sulke geleenthede kon gaste met wapens soos die ligte masjiengeweer (LMG), R4, .22- gewere, 9mm-pistole en .38- rewolwers skiet.[179]

Teen die einde van 1992 kon Groep 17 met 'n aantal prestasies spog. Op die Kommandement Witwatersrand se gala-aand is die Vaal Kommando as die beste voltydse eenheid aangewys. Ander prestasies was die bedryf van sy bevelskommunikasie, die bedryf van operasies en die bedryf van personeel. Groep 17 het ook die Baily-wisseltrofee ontvang vir die eenheid wat die hoogste standaard vir sy menasies gehandhaaf het. Tydens die betrokke oorhandigingsplegtigheid is die bevelvoerder van die groep, kol. P. Vosloo, met

---

[174] DDD, Pretoria, 41 HK (Gp 1), H 27, 504/2/1, Verdedigingsprogrambegroting, Doelwitstruktuur vir die Kommandement Witwatersrand (voorlopige beplanningsriglyne), p. 2 & Aanhangsel A; MAV, p. 186. 13072000, Van den Berg, F.J. (54) Falconridge.

[175] Anon, "Foto: Gaste wat die jaarlike bal van Groep 17 bygewoon het... ", in *Vaalweekblad*, 21.08.1987. Anon, "Militêre bal in outydse styl op Vereeniging", in *Vaal Ster*, 17-21.07.1989; Anon, "Groep 17 bou beeld", in *Vaal Ster*, 19-23.11.1990; MAV, p. 186. 13072000, Van den Berg, F.J. (54) Falconridge.

[176] Anon, "Weermaglede beloon", in *Vaal Ster*, 16-20.12.1991.

[177] Anon, "Groep 17 met medaljes vereer", in *Vaal Ster*, 16-20.12.1991.

[178] Anon, "Foto: 'n Groep sakemanne en vroue is verlede week deur Groep 17 op Vereeniging na hul skietbaan geneem", in *Vaal Ster*, 26.10-03.11.1990.

[179] Anon, "50 guests at shooting exercise", in *Vaal Ster*, 17-21.02.1992.

die Orde van die Wit Bajonette vereer, die hoogste toekenning in dié kommandement.[180] Aangesien 'n hele aantal dienspligtiges by Groep 17 met nasionale diensplig besig was, is daar in September 1992 'n ouerdag gehou.[181]

Met die naderende verkiesing van 1994 in gedagte, het Groep 17 hom ten doel gestel om die oorname van die staatsbestel met wapengeweld in sy gebied te verhoed. 'n Aantal sakemanne van die Vaaldriehoek en die Wes-Rand het die verantwoordelikheidsgebied van Groep 17 besoek.[182] Vroue-groepe is ook deur Groep 17 op 'n begeleide toer deur sy verantwoordelikheidsgebied geneem om sodoende sy rol in misdaadbekamping uit te lig. Kmdt. Melt Esterhuizen het in Junie 1993 aan 'n groep besoekende vroue genoem dat daar in dié maand 124 gevalle van gewapende roof, 13 van gewone roof en 34 van moord in die eenheid se verantwoordelikheidsgebied was.[183] Groep 17 het internasionale besoek ontvang toe afgevaardigdes van Swaziland, Lesotho, Malawi en die Ivoorkus gedurende Maart 1993 'n besoek aan Vereeniging gebring het. Die afgevaardigdes was op 'n moniteringsbesoek aan Suid-Afrika en het verskillende militêre basisse besoek.[184]

### 3.6 ANDER LEËREENHEDE IN DIE VAALDRIEHOEK

Daar was ander eenhede wat met verloop van tyd óf van naam verander het óf in groter eenhede opgegaan het. Die Redan Kommando is in 1962 gestig en het teen 1967 reeds 250 lede gehad.[185] Met die ontbinding van die Redan

[180] Anon, "Groep 17 spog met skitter jaar van prestasies", in *Vaal Ster*, 02-06.11.1992; Vgl. ook MAV, p. 223. 06122000, Kritzinger, W.H., (58) Pretoria.

[181] Anon, "Groep 17 hou ouerdag", in *Vaal Ster*, 14-18.09.1992.

[182] Anon, "Weermagman gee redes vir voortslepende geweld", in *Vaal Ster*, 01-05.02.1993.

[183] Anon, "Vroue maak kennis met lewe in swart gebiede", in *Vaal Ster*, 23.07.1993.

[184] Anon, "Buurlande besoek Groep 17", in *Vaal Ster*, 15-19.03.1993.

[185] Anon, "Redan commando: founded in 1962", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 27.10.1967; Vgl. ook SAB, Pretoria, Bron TES, Band 1717, Verwysing 6/731/2/41, Defence: Stocktaking of stores: Witwatersrand command: Redan Commando no 203, Stores inspection report February 1965.

Kommando in Desember 1970 het baie lede by die Meyerton Kommando aangesluit.[186] Die De Deur Kommando se naam is in die vroeë sewentigerjare na die Meyerton Kommando verander.[187] 13 Veldambulans was ook in Vereeniging gestasioneer as deel van 73 Brigade.[188]

### 3.7 DIE SUID-AFRIKAANSE VLOOT

Die Departement van Landbou en Bosbou het reeds in Januarie 1949 aansoek gedoen om 'n motorboot vir gebruik op die Vaaldam. Dié boot sou onder meer beskermingstake verrig.[189]

Die Suid-Afrikaanse Vloot was benewens sy skakeling met die vlootkadette in die Vaaldriehoek, ook op die Vaaldam betrokke. Op 15 April 1974 het 'n brief in die *Sunday Times* verskyn waarin 'n ene J.P. Jones onder meer die volgende voorstel oor moontlike vlootbetrokkenheid op die Vaaldam gemaak het:

> The thought struck me that the Vaal Dam would be a good place to establish a station for the Naval Division of the Active Citizen Force. It would provide an excellent training centre for the Rand. A small craft, perhaps a coastal motor boat, might be stationed there so that the rudiments of navigation and seamanship might be taught.[190]

Dit is nie bekend of die voorstel van J.P. Jones ooit oorweeg is in die betrokkenheid van die vloot op die Vaaldam nie. Die vloot het egter in 1979 op die Vaaldam betrokke geraak nadat die patrollieboot wat aanvanklik op die Hartebeespoortdam gebruik is se enjins gesteel is. 'n Namacurra hawe-

---

[186] W. C. Gouws, Meyerton na honderd jaar: Feesblad van die stadsraad van Meyerton 1891/92-1991/92 (Meyerton, Stadsraad van Meyerton, 1992), p. 51.

[187] Sien hierdie hoofstuk , Meyerton Kommando.

[188] DDD, Pretoria, 73 Brigade HK, Groep 1, Houer, Historiese dokumente, Jaarverslag 1976.

[189] Sentrale argief bewaarplek (SAB), Pretoria, TES, 57301, Verwysing F36/139, Forestry, Brief van die sekretaris van Landbou en Bosbou aan die sekretaris van Finansies oor 'n motorboot vir Vaaldam, 20.01.1949.

[190] J. P. Jones, "Brief: Naval station on Vaal Dam?", in *Sunday times*, 15.04.1974.

patrollieboot het sedert 1979 die Vaaldam gepatrolleer.[191] Die boot se vasmeerplek was by Manten Marine. Bystand is ook aan die Nasionale Seereddingsinstituut op die dam verleen, en verder het die vloot met bootrenne op die dam gehelp. Daar was enkele vlootoefeninge op die dam waar hoofsaaklik seinwerk met ligfakkels gedoen is.[192] Die vloot op die Vaaldam was teen 1994 onder die bevel van kmdoor. Cuffman en die personeel was vrywilligers van die vlootbasis SASRand.[193]

### 3.8 DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG

Die Suid-Afrikaanse lugmag was in samewerking met die Royal Air Force (RAF) gedurende die Tweede Wêreldoorlog in 'n gesamentlike opleidingskema van vlieëniers in Vereeniging betrokke. Die lugmagbasis is gedurende 1939 gebou en op 11 November 1940 is 22 Lugskool gestig. Die lugmag het op 27 Februarie 1946 uit Vereeniging onttrek.[194]

In die tydperk 1974-1994 was die lugmag in 'n ondersteunende rol in die Vaaldriehoek betrokke. Die opleidingsoefening van die Vereeniging Kommando het van 25 Junie tot 8 Julie 1975 in samewerking met 104 eskader plaasgevind.[195] Die bevelvoerder van 104 Eskader, kmdt. E.S. Flemming, het in 'n brief aan die bevelvoerder van die Kommandement Witwatersrand gevra dat daar van die ondersteuning van sy eskader gebruik gemaak moet word. Hy het daarop gewys dat daar tydens 'n lesing wat op 12 Oktober 1977 deur die Land/Lug Oorlogvoeringsafdeling van die Verdedigingskollege aangebied is, genoem is dat daar tydens alle opleidingskampe van kommando's wat vanaf

---

[191] Vgl. H.R. Heitman, *Krygstuig van Suid-Afrika* (Kaapstad, Struik, 1988), p. 187.

[192] MAV, p. 106. 04042000, Manten, D.J., (39) Vaaldam.

[193] Ibid.

[194] D. Becker, *Yellow wings: The story of the joint air training scheme in World War 2* (Pretoria, SA Lugmag museum, 1989), p. 50; Vgl. DDD, Pretoria, 22 AS, Houer 145, Oorlogsdagboek November 1939 – April 1942; Vgl. ook MAV, p. 218. 29112000, Arnesor, J., (73) Risiville.

[195] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 2, Houer 73, G/TRG/8/1/3, Adm. Order vir onafgebroke opleidingskamp 23 Junie tot 8 Julie 1975.

1978 binne die Kommandement Witwatersrand aangebied sou word, van die steun van 104 eskader gebruik moes maak word.[196]

Tydens die vloede van 1975 het 'n helikopter van die lugmag gereeld oor die Vaaldriehoek gevlieg sodat 'n geheelbeeld van die skade verkry kon word.[197] Teen die begin van die negentigerjare het die lugmag aktief aan kommando-operasies deelgeneem. Die Meyerton Kommando was die eerste kommando in die Vaaldriehoek wat met die tipe operasies begin het. Die operasies, genoem Ops Lunar, was deel van die huis-en-haard-beskermingsveldtog. Kommandolede is met helikopters by hulle basisse opgepik en dan op 'n rotasiebasis by verskillende padblokkade-punte neergesit en later weer opgepik. Tydens die eerste operasie van dié aard was 'n *Honoris Crux*-draer, kmdt. Arthur Walker, die vlieënier. [198]

## 3.9 DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE AS PARAMILITÊRE MAG

Ingevolge die Verdedigingwet van 1912 is spesiale magte aangaande die nasionale verdediging aan die polisie verleen. Die Polisiewet van dieselfde jaar het ook voorsiening daarvoor gemaak dat die polisiemag of enige deel daarvan vir nasionale verdediging aangewys kon word om onder die Verdedigingswet te dien. Met die konsolidasie van die Polisiewet in 1958 het die posisie onveranderd gebly; dit verklaar gedeeltelik waarom die Suid-Afrikaanse Polisie, in teenstelling met dergelike magte oorsee, grotendeels op militêre lees geskoei was.[199]


---

[196] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 2, Houer 420, 308/1/4, Opleidingsoefeninge – Gesamentlike, Brief van kmdt. E.S. Flemming aan bevelvoerder Kommandement Witwatersrand, 17.10.1977.

[197] F. Hand, "Vereeniging onthou SAW dankbaar", *Paratus*, 26(5), Mei 1975, p. 11.

[198] MAV, p. 52. 14012000, Erasmus, A.P., (46) Meyerton; Sien ook hoofstuk 13, prestasies van Vaaldriehoekse soldate.

[199] Anon, *Die Suid-Afrikaanse polisie jaarboek 1989* (Pretoria, Walker Ramus Trading, 1989), p. 71.



Illus. 23: 'n Erewag van die Suid-Afrikaanse Polisie presenteer geweer met bajonet tydens die amptelike opening van die polisiestasie op Meyerton. Die polisie het 'n sterk militêre inslag gehad.

Bron: Anon, "Foto: Presenteer geweer!", in *Vaalweekblad*, 27.05.1997.



Illus. 24: Die Afdeling Binnelandse Stabiliteit (ABS) in Sebokeng. Dié eenheid het militêre tipe werk in swart woongebiede gedoen.

Bron: D. Strydom, "Sebokeng discovery provides a new perspective: ANC officials in SAP uniforms", *Servamus*, Julie 1991, p. 17.

Sedert sy ontstaan in 1913 het die Suid-Afrikaanse Polisie aan 'n tweeledige doel beantwoord, naamlik die bewaring van binnelandse veiligheid en die handhawing van wet en orde. Eersgenoemde het die beveiliging van die landsgrense vereis en laasgenoemde die bestryding van elemente wat die orde bedreig het.[200] Daar was verskillende geleenthede in die verlede waar polisiemanne in 'n suiwer militêre rol aangewend is, soos die rebellie van 1914, die Eerste Wêreldoorlog, die 1922-staking en die Tweede Wêreldoorlog.[201]

Omdat een van die take van die polisie ordehandhawing was, is skakeling tussen die weermag en polisie as belangrik beskou. [202] Terwyl die polisie deursoeking gedoen het, het die weermag beskerming verleen. Klem is daarop gelê dat operasies gesamentlik beplan moes word.[203] Die polisie het ook van die ondersteuning van die kommando's gebruik gemaak om gewone misdadigers vas te trek. In Desember 1985 is twee rowers in 'n gesamentlike polisie-weermagoptrede doodgeskiet.[204]

### 3.9.1 DIE ONLUSTE-EENHEID

Die skepping van die onluste-eenheid was 'n reaksie op die wanorde en politieke onrus van die tyd.[205] Die Vaaldriehoekse onluste-eenheid is in 1980 op Vanderbijlpark gestasioneer. Die eenheid het verskeie vermeende terroriste in die Vaaldriehoek doodgeskiet.[206] Die onluste-eenheid is in Februarie 1981

---

[200] Anon, *Die Suid-Afrikaanse polisiejaarboek 1989*, p. 49.

[201] Anon, "The military history of the South African Police from 1913", *Armed Forces*, Oktober 1988, p.13; E. Janssen, "Samewerking tussen SAW en SAP kom 'n lang pad", *Paratus*, 38(9), September 1987, p. 9.

[202] H.A. du Plessis, "Die openbare onrus 'n uitdaging", *Servamus*, Januarie 1986, p. 18.

[203] Dagboek Vereeniging Kommando, Notas van Groep 17 Bevelvoerderskonferensie, 24.06.1991.

[204] Anon, "Rowers gejag: Bende vas na jaagtog skote", in *Vaalweekblad*, 13.12.1985.

[205] TRC, *Volume two: Truth and reconciliation commission of South Africa* (Cape Town, Juta, 1998), p. 174.

[206] MAV, p. 81. 22022000, Coetzee, E. R., (47) Risiville; E. R. Coetzee, plakboek, koerantberig: "Onluste-eenheid groei sterk", s.n, s.d. , p. 18.

## VAALDRIEHOEKSE PARA-MILITÊRE POLISIE-EENHEDE 1974 – 1994




Reaksie-eenheid 5
Vanderbijlpark




Onlus-eenheid 5
Vanderbijpark




Reaksie-eenheid 19
Afgedeel van Soweto




Afdeling Binnelandse Stabiliteit
Vereeniging

Diagram 3: Flitse van Vaaldriehoekse para-militêre polisie-eenhede.
Bron: *J. Kruger versameling.*

tydens 'n staking by die Everite fabriek op Kliprivier ontplooi.[207] In 'n opleidingsessie gedurende September 1981 is die uitwerking van petrolbomme op voertuie tydens 'n oefening aan die lede van die eenheid gedemonstreer.[208]

Op 11 Maart 1985 het ondersersant Percy van den Berg 'n vermeende terroris naby Evaton doodgeskiet, terwyl ook 'n groot hoeveelheid wapens gevind is. Twee polisiemanne is in die voorval gewond.[209] Die reaksiegroep van die onluste-eenheid is in 1986 gestig. Oor die eenheid staan die volgende in die plakboek van kapt. E. R. Coetzee:

> Die reaksiegroep het tot dusver prysenswaardige werk gelewer in die opspoor van goed opgeleide terroriste, die bywoning van bomdreigemente, onlustebeheer, die aanbieding van lesings en die opleiding van lede in o.a. stedelike terreur.[210]

Op 'n spanboudag van die polisie in Augustus 1990 het die streekskommissaris van die Witwatersrand, genl. Gerrie Erasmus, na die onrus-situasie verwys en gemeen dat die polisie daarvoor sorg dat hy altyd in beheer van die situasie bly.[211] Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) het in die tydperk ná 1994 bevind dat geweld ook ontstaan het as gevolg van die kragdadige optrede van die onluste-eenheid.[212] Ten spyte van die reputasie van dié eenheid het die lid van die parlement (LP) van Vanderbijlpark, dr Gerrit Viljoen, in 1991 vertoë op hoë vlak gerig dat die eenheid in die Vaaldriehoek vergroot moes word.[213]

---

[207] Anon, "Foto: Net die teenwoordigheid van die Spesiale Eenheid van die SAP het dikwels 'n kalmerende uitwerking op oproerige skares", in *Vaalweekblad*, 11.09.1981.

[208] Anon, "Foto: Die Onluste-eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie is te alle tye op 'n gereedheidsgrondslag...", in *Vaalweekblad*, 20.02.1981.

[209] E. R. Coetzee, plakboek, p. 23.

[210] MAV. p. 81. 22022000, Coetzee, E. R., (47) Risiville; E. R. Coetzee, plakboek, p. 18.

[211] Anon, "Misdaad: Skokkende syfers", in *Vaal Ster*, 13-17.08.1990.

[212] TRC, *Volume two:Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 585; Sien ook kommissies van ondersoek.

[213] Anon, "Taakmag om polisie te help", in *Vaalweekblad*, 31.07.1991.

### 3.9.2 DIE AFDELING BINNELANDSE STABILITEIT (ABS)

Omdat ongeveer 30 persent van die polisiemanne wat opgelei is om normale wet en orde te handhaaf vir onluste aangewend is, is daar besluit om 'n outonome eenheid te stig wat geweld en onluste sou bekamp. Die Afdeling Binnelandse Stabiliteit (ABS) is op 1 Januarie 1992 gestig en alle bestaande onluste-eenhede is by dié eenheid ingelyf.[214] Die ABS het kamoefleer-uniforms gedra en hulle voertuie was 'n pepermentkleur met 'n swart streep.[215]

Die ABS kon as 'n militêre formasie in die polisie beskou word, aangesien die lede van die eenheid in pelotonverband geopereer het en nie normale polisietake verrig het nie. Die ABS was spesifiek getaak om onluste te hanteer, alhoewel ander polisiemanne ook van tyd tot tyd in onluste-situasies aangewend is. Die ABS het die Vaaldriehoekse swart woongebiede gepatrolleer.[216] Die ABS het ook met Groep 17 nóú saamgewerk.[217] Daar is dikwels op lede van die ABS geskiet veral in Sebokeng.[218] Die bevelvoerder van die ABS in Vereeniging, kol. Johan Deysel, het gemeen dat die werkwyse van die ABS tot die ongewildheid van die eenheid in die swart woonbuurte gelei het. Dié eenheid het die onlustoestand van die begin Januarie 1993 af slegs nog gemonitor. Alhoewel die toestand in die Vaaldriehoek nog effens gespanne was, was die streek vanaf einde Januarie 1993 nie meer 'n verklaarde onrusgebied nie.[219]

Die weermag het erkenning aan die polisie, onder wie lede van die ABS, vir hulle samewerking met die weermag verleen. Kolonel P. Vosloo, bevelvoerder van Groep 17, het by verskillende geleenthede aanprysingsertifikate aan lede

---

[214] J. Moody, "Eenheid in sy aan sy optrede: Polisie-generaal praat oor SAW samewerking", *Paratus*, Desember 1992, 43(12), p. 13.

[215] Anon, "Afdeling Binnelandse Stabiliteit", *Servamus*, Mei 1992, p. 19.

[216] D. Strudom, "ANC officials in SAP uniforms: Sebokeng discovery provides a new perspective", *Servamus*, Julie 1992, p. 17.

[217] MAV, p. 81. 22022000, Coetzee, E. R., (47) Risiville.

[218] A. Makoe, "All in a day's work with thw ISU", in Sowetan, 11.11.1992.

[219] Anon, "ABS bevelvoerder wil vertroue herstel", in Vaalweekblad, 19.03.1993.

van die polisie oorhandig.[220] Kaptein E.R. Coetzee is drie keer deur die weermag op dié wyse vereer.[221]

### 3.10 SAMEVATTING

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die militêre eenhede van die Vaaldriehoek 'n prysenswaardige tradisie van diensbaarheid, reeds lank voor 1974, aan die Vaaldriehoek gelewer het. Teen die tyd dat Suid-Afrika vanaf 1974 'n era van intense militarisering binnegegaan het, was die Vaaldriehoekse militêre eenhede gereed om die streek te beskerm en op die grens ontplooi te word.

Tussen 1974 en 1994 was daar vyf kommando's en vier regimente in die Vaaldriehoek. Die twee oudste Vaaldriehoekse militêre eenhede was die Vereeniging Kommando en die Parys Kommando. Eenhede op Vanderbijlpark en op Sasolburg het hulle oorsprong in die industriële ontwikkeling daar. Ten einde die streek teen 'n konvensionele lugaanval te beskerm, is twee lugafweer-regimente in Vereeniging gevestig.

Afgesien van die kommando's en regimente in die streek, was formasie-hoofkwartiere ook in 'n stadium in die Vaaldriehoek gestasioneer. Die hoof-kwartier van 73 Gemotoriseerde Brigade was van 1975 tot 1980, en Groep 17 van 1980 tot 1997 in die streek gestasioneer. Die polisie het afgesien van die verantwoordelikhede rakende normale wetstoepassing, ook 'n militêre rol in die Vaaldriehoek vervul. Spesiale eenhede soos die onluste-eenheid en later die ABS het onlusbekamping en teeninsurgensie-werk gedoen.

Die vloot was vanaf 1979 op die Vaaldam betrokke. Die lugmag was van tyd tot tyd in die Vaaldriehoek betrokke, byvoorbeeld tydens vloede, oefeninge en ook

---

[220] Anon, "Veiligheidsmagte belon vir onbaatsugtige diens", in Vaalweekblad, 10.07.1992; MAV, p. 81. 22.02.2000. Coetzee, E. R., (47) Risiville.

[221] MAV, p. 81. 22.02.2000. Coetzee, E. R., (47) Risiville.

operasies. In die volgende hoofstuk word daar op die aktiwiteite van die veiligheidsmagte van die Vaaldriehoek in en buite die streek gefokus.